



# Regering Samel Getuienis In Vir Politieke Verhoor

Die regering het begin met die insameling van getuienis in Suid-Afrika met die oog op die aanstaande politieke verhore van Afrikanerleiers wat deel moet wees van sy poging om 'n oorwinning by die aanstaande verkiesing te behaal. Hierdie inligting is op die beste gesag verneem.

Die politieke speurdiens het 'n oud-geïnterneerde, mnr. J. J. Rokebrand, op Brakpan, in hegtenis geneem kragtens 'n lasbrief wat die waarnemende Minister van Justisie, dr. C. Steyn, uitgereik het. Hy word kragtens die noodregulasies aangehou.

Rokebrand is deur die Prokureur-generaal versoek om getuienis in verband met die politieke verhoor af te lê. Die staat het opdrag gegee dat daar verder gegaan word met die insameling van getuienis.

Mnr. Rokebrand is 'n dertigjarige Nederlander wat tydens die oorlog in Lourenco Marques as gevolg van beweerde spioenasie, geïnterneer was.

## Indiërs Moor Mekaar Uit

Na aanleiding van die onlangse onluste in Indië is sowat 4 miljoen Indiërs besig om te vlug — die Hindoes uit Pakistan na Hindostan en die Mohammedane na Pakistan.

Die treine waarin die vlugtelinge vlug, word deur die vervolgers voorgekeer en almal word voor die voet vermoor. Sowat 3,000 Mohammedane is op een dag vermoor toe die Hindoes 'n trein in die Pandjab voorgekeer het.

## BRITTANJE SOEK HULP BY RUSSE TEEN ONDERGANG

Die Britse ekonomiese nood en die onsimpatieke optrede van Amerika teenoor Brittanje wat maar altyd net wil neem sonder om te gee, laat hom op handelsgebied vinnig nader aan die Russiese vuur skuif. Rusland is tans die tweede grootste koper in Engeland en die Britte is besig om alles in hul vermoë te doen om die handelsamesprekings tussen Rusland en Engeland wat onlangs dood geloop het, weer te hervat.

In Londen is gesaghebbend verklaar dat die kanse om die besprekings te hervat besonder gunstig is.

Die departement van handel het verklaar dat Engeland tans byna drie maal soveel landbou-trekkers as in 1938 produseer wat Rusland graag sal wil koop. Daarby is die vervaardiging van elektriese masjinerie ook verdubbel. Dit is alles deel van die goedere wat Rusland graag wil

hê en in ruil daarvoor kan Engeland hout en graan kry.

In die eerste agt maande van die jaar was Rusland die tweede grootste koper van Britse masjinerie, met Indië in die tweede en Suid-Afrika in die derde plek.

Tydens Augustus was die tien vernaamste lande die volgende: Indië, Suid-Afrika, Australië, Argentinië, Ierland, Rusland, Egipte, Brasilië en België.

# OPPOSISIE SE DEUR IS OOP DEUR A.P. SE DR. VAN RENSBURG

By geleentheid van sy verjaardagviering in die Afrikaanse Koffiehuis in Pretoria verlede Woensdagaand, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, breedvoerig geantwoord op die H.N.P.-besluit van Transvaal ten opsigte van O.B.-lidmaatskap. Aangesien die K.G. se antwoord die hele kwessie van samewerking, en dus ook die kern van die besluite van ander H.N.P.-kongresse raak, plaas ons dit volledig.

Die enigste verskil tussen die besluite van Kaapland (en ook die Hoofraad van die H.N.P.) en Transvaal is dat eersgenoemde individuele versaking van O.B.-ideale eis waar laasgenoemde dit van die Grootraad eis.


Die K.G. het as volg gepraat: Kortliks kom die voorstel hierop neer dat lede van die O.B., wat kragtens die eenparige besluite van al vier die

H.N.P. te word mits dat die Grootraad van hul Beweging sekere beleidsbeginsels prysgee en ook die O.B. aan die politieke terrein onttrek. O.a.

raad versak word... so word verlang.

Ek neem aan dat die Grootraad ter geleë tyd die voorstel sal oorweeg, as dit amptelik gedoen word en nie net deur persberigte gedra word nie; verder neem ek aan dat die H.N.P. se ander provinsiale kongresse soortgelyke besluite sal neem, aangesien niemand kan verwag dat die O.B.-man of -vrou in een provinsie vir H.N.P.-lidmaatskap gekwalifiseer mag wees nie, terwyl sy broer of suster in die ander provinsies uit daardie party geweer word.

In die eerste plek wil ek my



DIE KOMMANDANT-GENERAAL

provinsiale kongresse van die H.N.P. twee jaar gelede uit die geleedere van die H.N.P. geban is, nou weer in een van die vier provinsies (nl. Transvaal) die reg sal hê om lede van die

moet die ideaal van 'n partylose Volkstaat pleks van die partystaat waarin ons vandag nog, sedert die ondergang van die Republieke Vrystaat en Transvaal, leef, deur die Groot-

## Bond Van Oud-Geïnterneerde

Die Bond van Oud-geïnterneerdes en politieke gevangenes hou 'n konferensie in Celra-saal, Bureau-laan, Pretoria, op Saterdag, 4 Oktober, onder voorsitterskap van adv. J. F. Marais. Dr. J. F. J. van Rensburg, leier van die Ossewabrandwag, sal die aanwesiges toespreek. Die aand is daar 'n eetmaal in die Afrikaanse Koffiehuis.

dankbaarheid uitspreek dat 'n gees vaardig word wat toenadering tot mede-Afrikaners soek in plaas van uitskop-bevele. Ons is almal Afrikaners, blankes op 'n nie-blanke kontinent, en ons word almal deur dieselfde gevare bedreig. Dit word hoogtyd dat die klem gelê word op die gemeenskaplike punte wat talryk is, eerder as op die verskilpunte, wat weinig is.

Dit op sigself is al 'n groot stap vorentoe, nie net vir die betrokke partye nie maar vir die hele volk.

(Vervolg op bl. 2, kol. 1.)

## Baie Welkom

Eamon de Valera (links voor) wat voorheen 'n baie onwelkome burger binne die Britse Ryk was, was onlangs 'n welkome gas in Brittanje. As premier van Eire (Ierland) het hy 'n handelsafvaardiging gelei om met die Britse regering te beraadslaag oor hulp wat Ierland Engeland kan bied nou dat laasgenoemde van sy Voedselinvoere uit Amerika drasties moet inkort. Reg agter De Valera staan sir Crafford Cripps, voorstander van 'n tolunie met die Dominiums, en in die middel staan Ernest Bevin, vader van die toluniegedagte, en langs hom eerste minister Attlee.



# Opposisie se Deur Is Oop Sê K.G.

## ONS WOORD

Laat my dadelik sê dat ek nie by magte is om die beginsels, die ideale van die Beweging, summier opsy te stoot nie; ook dat ek nouliks die manne en die vroue in die gesig sal kan kyk wat sulke swaer offers vir daardie ideale gebring het in kamp en tronk. En watter waarde sal die H.N.P. of enig ander groep aan ons woord kan heg as ons die trou breek teenoor manne wat vanaand nog in die Empire se gevangennisse lê, manne en vroue wat die seël op ons strewe gedruk het?

Maar dit alles neem nog niks daarvan weg nie dat ons seer sekerlik geen steen in die pad van eerbare en verstandige samewerking met mede-Afrikaners gaan rol nie.

In dié verband sal u my veroorloof om u te herinner dat ons nog steeds hierdie doel nagestreef het. Herhaaldelik in die verlede het die O.B. ingewillig om, hetsy direk of deur bemiddeling van eerbare manne soos die Eenheidskomitee, die Delmaskomitee en andere, die leiers van die H.N.P. te ontmoet om samewerking te bevorder. By elke belangrike tussenverkiesing (die jongste geval was Wolmaransstad en net voor dit Hottentots-Holland) het ons aangebied—skriftelik aangebied—om die Opposisiekandidaat te steun. In albei gevalle was ons aanbod summier van die hand gewys. In die algemene verkiesing van 1943 het ons skriftelik aan die leiers van die Afrikanerparty, die H.N.P. en die Nuwe Orde die volle steun van die O.B. aangebied as hulle tot onderlinge ooreenkoms kon kom.

## GEEN REDE

As dit konsekwent ons houding in die verlede was dan is daar geen rede waarom ons vandag anders moet handel nie en enige eerbare poging tot samewerking moet verongeluk nie, waar die een nie van die ander verlang wat hy self nie bereid is om te gun nie. So, by voorbeeld, verwelkom ons nog steeds enige lid van die H.N.P. in ons geledere, sonder dat ons verlang dat sy party eers hulle beginsels moet gaan wysig.

Maar laat ons hieroor helder wees... die H.N.P.-besluit is nie gemik op samewerking met die Ossewabrandwag nie. Dit is gemik op die verkryging van lede vir die H.N.P. ... lede wat tans binne die O.B. is en sodoende kragtens 'n vorige H.N.P.-kongresbesluit belet is om lede van die H.N.P. te word. Nou beoog die besluit om die pad vir sulke lede oop te maak mits die O.B. as Beweging bereid is om sy beginsels te versaaak sodat die pad oopgemaak kan word—na die H.N.P. toe.

## VERSTANDIG?

Ek stel bloot my persoonlike standpunt as ek vra: Is dit verstandig om die werwing van lede gepaard te laat gaan met eise? En dan eise aan die Beweging en nie aan die lede daarvan nie? Is dit nie veel verstandiger om in hierdie dae van 'n ineenstortende blanke wêreld te hamer op die gemeenskaplike gesigspunte in plaas van die ideologiese verskille nie?

Op een kardinale punt kan ek die H.N.P.-kongres geruststel, en ek meen dis die enigste punt wat hulle billikerwyse kan stel. Hulle verlang dat die O.B. hom moet onttrek aan die politieke terrein; ek neem aan hulle bedoel die partypolitieke terrein... die terrein waarop

hulle en die ander partye beweeg, kandidaat stel, ensvoorts. Ek kan hulle meteens verseker dat ons as Beweging nog nooit wetens op daardie terrein was nie en dat ons ook nie nou voornemens is om daarop te tree nie. Die mees oortuigende bewys daarvoor is dat ons nog nooit, sedert ons ontstaan, een enkele kandidaat in een enkele kiesafdeling in enige verkiesing of tussenverkiesing genomineer het nie. Dit behoort voldoende te wees.

## BO PARTYPOLITIEK

Maar daar is sekere dinge, sekere nasionale vraagstukke soos die republikeinse gedagte en die beveiliging van Blank Suid-Afrika wat ons beskou as verhewe bokant alle bloot partypolitieke geskille. Trouens, die Hooftleier van die H.N.P. het self in die Parlement 'n beroep op sy teenstanders gedoen om die naturelle en Indiërvraagstukke nie as partypolitieke maar wel as volksake te behandel. As Volksbeweging gaan die Ossewabrandwag met hierdie beroep heelhartig akkoord.

Maar as ons dan nie as Beweging op die partypolitieke terrein ons gewig wil ingooi nie, so mag mense redeneer, dan behoort ons aktiewe en verantwoordingsbewuste Afrikaners wat O.B.'s is nie te verhinder om hul plig dan buitekant die O.B. te gaan verrig nie. Aan dié sê ek: Sekerlik, ek stem saam. En waar dit ons toegelaat was om dit te doen, het ons sulks gedoen... tot dat die Opposisieparty (die H.N.P.) ons belet het om in hul geledere te kom of te bly, tensy ons die Volksbeweging wil versaaak. Met ander woorde, dis nie dat ons nie WOU nie; dit was dat ons nie TOEGELAAT was nie, dat ons as O.B.'s belet was.

## ANDER VLEUEL

Maar nou is ook daardie moeilikheid uit die weg geruim. Naamlik sedert Maartmaand, toe die Opposisie van karakter verander het en uit twee vleuels bestaan, twee partye wat elkeen met behoud van eie identiteit, die gemeenskaplike Afrikanerdoel nastreef.

Die een vleuel, die H.N.P., het (om redes wat hulle beter kan verduidelik as ek) die steun van die O.B.-manne en -vroue geweier tensy hulle wil ontrou word aan die O.B., of—na aanleiding van die jongste besluit—tensy die Beweging afsien van die ideale waarvoor sulke swaer offers gebring is en vanaand nog in die gevangenis gebring word.

Die ander Opposisievleuels, darenteen, die Afrikanerparty, het die eerbaarheid en die goeie trou van O.B.-lede wat gewillig is om by hulle aan te sluit, aanvaar. O.B.-lede word, nes ander persone, verwelkom en hul eerbare bedoelings word nie aan twyfel getrek nie.

## MET IDENTITEIT

Sodoende... en hierdie is fundamenteel... sodoende het die leiding van die Afrikanerparty aan tienduizende goeie en aktiewe Afrikaners die geleentheid gegee om met behoud van hul O.B.-identiteit 'n tuiste en 'n arbeidsveld te vind in die partystryd wat voorlê teen hierdie regering waaronder ons so swaar gely het.

As Leier van die Ossewabrandwag wil ek die vertroue uitspreek dat die oorvloedige meerderheid van ons lede wat na 'n partypolitieke tuiste verlang, maar nie bereid is om die kameraadskap van die laaste ses jaar—die kameraadskap van kamp en tronk en Noodhulpfonds—te verloën nie, met hier-

die eerbare reëling volkome tevrede is.

Trouens, niemand minder as die mondstuk van die H.N.P. in hierdie provinsie, Die Transvaler, het in 'n hoofartikel op 22 Maart l.l. (die dag toe mnr. Havenga en dr. Malan 'n gesamentlike verklaring oor samewerking met behoud van identiteit uitgereik het) verklaar: „Die O.B. moet ontbind en hulle lede kan dan in ander verband ten volle aan die volkstryd deelneem. Sonder om in besonderheid te sê waarom, word aangeneem dat hulle dan maklik lede van die Afrikanerparty kan word, eerder as van die H.N.P. Daarmee sal dan alle kragte binne partyverband gemobiliseer wees teen Smuts.”

Ons het die heer se advies elkgeval ten dele gevolg.

## OOP DEUR

Kort en goed, 'n oop deur wat vir alle blankes oop is en nie net vir die O.B.'s of die anti-O.B.'s nie, het vir ons 'n tuiste gebied in ooreenstemming met die gees van genl. Hertzog, nl. in die Afrikanerparty. Ons tree daardie oop deur ter goeder trou en met dankbaarheid binne.

Ons sal bly wees as daar ook ander deure ewe gasvry oopgaan, want hoe meer oop deure daar tussen volksgeenote is hoe beter vir die volksbestaan. Maar intussen is ons tevrede en die feit dat daardie nuwe tuiste op die terrein wat ons as Beweging nie wil betree nie, ons ook skouer aan skouer met die ander Opposisieparty, die H.N.P., bring... dié feit skakel myns insiens alle oorsake vir verdere wrywing uit by almal wat dit opreg bedoel met Afrikanersamewerking.

## O.B. GAAN VOORT.

Intussen gaan die Ossewabrandwag as Beweging met sy eie taak buitekant van die partypolitieke terrein voort; met sy republikeinse gees nie net as koningsver is nie, maar ook—en veral—as hulle in die naaste nabyheid is; met sy noodhulp vir die slagoffers van die Empire wat vanaand nog in die tronke lê, en met die bestryding van Kommunistiese gevare nie net met kongresbesluite nie, dog met dissiplinerende van sy wagafdeling om vergaderings en byeenkomstes te beskerm, of die kommuniste daarvan hou of nie.

Daar is baie take in die volkstryd, en die verstandige man of vrou sal die volksgeenoot wat die taak stry op terreine waar jy self nie kom nie, eerder dank betuig as om hom in sy taak te belemmer.

## Barnie Basson Losgelaat

Barnie Basson, een van die politieke gevangenes wat nog in die Baviaanspoortkamp aangehou is, is onverwags verlede Woensdag vrygestel. Hy is op 3 April 1946 gevonnissen en moes eers in 1951 losgelaat gewees het.

Daar is tans nog elf politieke gevangenes in Baviaanspoort. Die eerste gevangene wat nou losgelaat moet word, is Frederick A. Fourie wat tydens Junie 1943 gevonnissen is. Hy verwag om op 6 Desember aanstaande losgelaat te word.

# Ekoonoom Se Mening Oor Britse Krisis: Kan Nie Herstel

Die mening dat Engeland nie weer in staat sal wees om sy ekonomie op 'n gesonde grondslag te plaas nie, en dat Suid-Afrika hom nie moet ophou met die voorgestelde tolverbond omdat dit beslis nadelig sal wees vir ons eie nywerhede wat Suid-Afrika selfversorgend moet maak, is deur prof. dr. D. G. Franzsen, ekonoom van Stellenbosch, uitgespreek voor 'n vergadering van sakemanne wat onder beskerming van die Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer plaasgevind het.

Prof. Franzsen wat gepraat het oor die inskied van die dollarkrisis op Suid-Afrika het aangegeef dat die dollarprobleem van Brittanje dateer uit die jare na die eerste wêreldoorlog en hoewel die Britse ekonomie toe reeds wankelend was, het hy darem nog daarin geslaag om sy invoer en uitvoer te laat klop. Reeds in die twintiger jare en ook later, was daar 'n dollarkort maar deurdat Amerika groot hoeveelhede dollar in Wes-Europa ingepomp het deur middel van lenings, is dit kunsmatig onderdruk.

## BREEKPUNT

Vandag is Amerika die enigste krediteur-land in die wêreld en Engeland is in die ongemaklike posisie dat hy hom nie van Amerika met sy dollarblok kan isoleer nie omdat hy 'n groot invoerland is. Amerika voer vandag goedere ter waarde van 16 biljoen dollar uit en slegs 6 biljoen dollar in. Dit laat aan die res van die wêreld 'n nadelige handelsbalans van 10 biljoen dollar.

Engeland se groot moeilikheid is dat hy so baie van sy buitelandse bates tydens die oorlog verloor het. Spr. meen dat Engeland nie sal herstel nie en net soos hy in die dertiger jare op 'n breekpunt afgestuur het, hy dit tans ook doen.

Om te herstel kan Engeland moontlik probeer om deflasie toe te pas tot die uiterste van sy vermoë. Hy sal dan lone en pryspeile omlaag moet dwing, maar dit is uiters moeilik. Op die huidige stadium is dit egter moeilik om te oordeel.

Die vraag is hoe moet die wêreldhandel weer sy normale gang bereik. Hoewel dit prakties ver in die toekoms is, is 'n waarskynlike uitkoms dat Amerika met sy groot uitvoer 'n ekonomie van vermor-

sing sal moet toepas en baie van sy uitvoer dump sodat sy in- en uitvoer weer klop.

## EIE NYWERHEID

Dr. Franzsen het die oorweging dat Suid-Afrika aan die tolverbond moet behoort sterk veroordeel omdat die Unie se jong nywerhede dan met die gevestigde nywerhede van Brittanje sal moet meeding en geen beskerming vir sy eie produkte sal geniet nie.

Die dollarkrisis raak Suid-Afrika nie nou nie aangesien ons geen gebrek het aan betaalmiddele nie. Die Unie is egter een van die grootste invoerlande en hoewel ons 'n groot gunstige betalingsbalans tydens die oorlog gehad het, is Suid-Afrika tans besig om groot nadelige balanse op te bou.

Ons moet begin om noukeurig op ons invoerhandel te let en moet meer klem lê op ons eie kapitaalstruktuur. Ons moet ons eie nywerhede versterk sodat Suid-Afrika selfversorgend kan word en minder hoef in te voer.

Prof. W. J. Pretorius, hoofbestuurder van die K.W.V., wat ook aanwesig was, het hom hierby aangesluit en verklaar dat die Unie meer kapitaalgoedere moet invoer om sy eie nywerheid te versterk. Ons lewenstandaard in die Unie is onnodig hoog. Ons voer te veel verbruikersgoedere in, het hy gesê.

Die huidige vloei van kapitaal na die Unie kan heilsaam wees as dit binne perke geskied. Daar bestaan egter gevaar dat dit nie in die nywerhede belê word nie maar hierheen gebring is met die verwagting dat die Britse pond in waarde sal daal en dat dit dan met wins na Brittanje terug geneem kan word. As dit egter reg belê word, sal dit heilsaam vir Suid-Afrika wees.

# Dinge Moet Reg Gaan Sê A.P.-Leier

„Ons is 'n sterk groep vandag en as dinge nie reg gaan nie, is ons in staat om te sê dat ons uitstap, maar goeie wil en goeie trou is nodig. Ek sal 'n sukses maak van hierdie samewerking en as dit misluk, gaan ek terug na my plaas. Ek het net een doel en dit is om te kyk of ek iets kan bydra om die Afrikaners weer bymekaar te kry.”

So het mnr. N. C. Havenga, leier van die A.P., op 14 September by geleentheid van 'n samekoms van A.P.-ondersteuners en goedgesindes op Winburg verklaar.

Spr. het verwys na die nood van ons volk en dat ons nie kan bekostig om verdeeld te staan nie. Daar is diep wonde geslaan tussen Afrikaners maar elke leier moet sê: Laat ons groot wees en laat ons 'n groot vrede maak. Tensy ons alle Afrikanerkrigte inskakel is ons kansse gedoem.

„Die A.P.”, het spr. gesê, „werk saam met behoud van sy iden-

titeit — die aanhangers wat sy beginsels onderskryf, tel tienduizende meer as wat verlede keer gestem het. Ons is 'n sterk groep vandag en as dinge nie reg gaan nie, is ons in staat om te sê dat ons uitstap. Maar goeie wil en goeie trou is nodig. Die vertroue wat baie vriende tans het in Hertzogisme is 'n geweldige bate vir diegene wat met die A.P. saamwerk”, het hy gesê.

## ETE IN DIE VRIENDSKAP-SENTRUM

Die vroue-kommando van Groot Schuur bedien op Vrydag, 3 Oktober, 'n heerlike ete vanaf 12 vm. tot 2 nm. in die O.B.-Vriendskapsentrum. Alle Brandwagte en vriende word uitgenooi om die heerlike boere-geregte te kom nuttig.

# A.P. Stig Komitee Vir Wes-Kaapland

Die poging om weer eenheid in die geledere van die Afrikanerdom te bewerkstellig het in Kaapland nuwe beslag gekry tydens die konferensie van verteenwoordigers van A.P.-takke in Wes-Kaapland wat op 23 September in die stadsaal te Paarl gehou is.

By hierdie geleentheid, waar sowel mnr. Jan Viljoen, sekretaris van die Afrikanerparty, en sen. Naas Raubenheimer aanwesig was, is 'n streekkomitee benoem wat die organisasie van die A.P. verder sal voortdra sodat die hande van die Afrikanerdom weer sterk gemaak kan word. Die konferensie het beklemtoon dat die Afrikaners in die uur van hul nood groot moet wees en alle kwesplekke wat in die verlede toegedien is, moet vergeet.

Die kongres wat sowat 20 takke van die Afrikanerparty in Wes-Kaapland verteenwoordig het, het 'n telegram van broederlike groete aan die kongres van die Herenigde Nasionale Party wat op De Aar in sitting was, gestuur waarin hul medebondgenoot sterkte toegewens is vir die stryd wat hulle gesamentlik sal aanpak.

Daar is aan die lig gebring dat daar tans tussen 120 en 150 A.P.-takke in Kaapland bestaan.

Die streekkomitee bestaan uit die volgende lede: ds. J. Pienaar van Ceres (voorsitter), dr. P. J. Badenhorst (onder-voorsitter), mnr. Danie Basson, mnr. Max Smuts, mej. B. le Roux, mnr. W. R. Laubscher en adv. J. de Vos.

## SEDISIE- VERHOOR

'n Spesiale hof, bestaande uit regters Van den Heever en Roper, is saamgestel om die sedisie-saak waarin leiers van die Kommunistiese Party betrokke is, te verhoor. Die verhoor sal op 16 Oktober begin.

## Kamieskroon Hou O.B.-dag

Op Dinsdagaand, 21 Augustus, is 'n baie suksesvolle en aangename O.B.-funksie op die plaas Brakkies, naby Kamieskroon, gehou. Mnr. en mev. De Graaff Genis het as gasheer en gasvrou opgetree. Die lekker gebak en wors is gretig gekoop en die mooi bedrag van £14 6s. 9d. is ingesamel.

Toe die inwendige mens verskerk is, het mnr. M. van Staden die aanwesiges bedank vir hul oorkoms, en vervolgens vir genl. W. R. Laubscher, die spreker, aan die woord gestel. Met sy duidelike uiteensetting van die huidige posisie op politieke gebied het hy die aanwesiges geboei en oortuig.

Die res van die aand het aangenaam verbygegaan met die speel van Volkspele.

Op 26 September is 'n generaalraad te Kamieskroon gehou, wat toegesprek is deur genl. W. R. Laubscher. By dié geleentheid het genl. J. de G. Genis sy amp as bevelvoerder van die generaalskap A16 neergelê ingevolge die konstitusie. Hy is sonder een teenstem opnuut aangewys deur die offisiere. Genl. Laubscher het die benoeming bekragtig namens die hoofkwartier.

## Dra Nou Self By Tot Noodhulp

Die Bond van oud-geïnterneerdes en Politieke Gevangenes het 'n begin gemaak om geld in te samel vir die Noodhulpfonds. Die bedrag van £25 is reeds deur hulle aan die Noodhulp-hoofkwartier inbetaal. (Korr.).

## Afrikanerparty Trek Geen Strepe Nie Sê Sprekers Op Paarl

„Kom laat ons 'n gees van toenadering onderling skep en elke Afrikaner na vore tree om kontak te maak met mede-Afrikaners sodat die onderlinge vertroue wat geskok is, weer opnuut gevoed kan word,” het mnr. J. H. Viljoen, sekretaris van die Afrikanerparty, op 23 September in die Paarl verklaar toe hy 'n beroep op alle Afrikaners gedoen het om hulle geskille opsy te sit en die geledere teen die vyand te sluit vir die aanstaande verkiesing.

Die A.P.-vergadering in die Paarl se stadsaal was deel van 'n reeks vergaderings wat mnr. Viljoen en sen. Naas Raubenheimer in Wes-Kaapland toegesprek het.

Spr. het verklaar dat hy op 'n welwillendheidsbesoek is en dat hy nie die lede van ander groepe of partye wil afrokkel nie.

Aan die hand van die gevare wat die blankedom bedreig, het spr. aangetoon dat die Afrikanervolk geen kans op oorwinning het solank hulle verdeeld staan nie. In die aangesig van hierdie feite het mnr. N. C. Havenga 'n oproep aan alle Afrikaners gedoen om 'n grootse poging aan te wend om die eenheid weer te herstel. Ere aan diegene wat bereid was om tot hierdie eenheid toe te tree. Dit is die taak van elke Afrikaner om dit vir ander Afrikaners moontlik te maak om saam te werk. Die tyd om ratte en rasper oor die tande van ander te vrywe, is verby, het spr. gesê.

### GROOTMOEDIG

„Ons moet groot wees en ons wonde van die verlede vergeet en die wonde nie troetel nie. Die tyd het aangebreek dat ons heeltemal 'n nuwe blaadjie omslaan en 'n begin van vooraf maak.” Die kwesplekke mag nie swaarder weeg as die belange van die volk nie. „Diegene wat sal poog om hierdie grootse poging van die Afrikanerdom te torpedeer, sal 'n daad pleeg wat die volk hom nooit sal vergewe nie. Laat ons in opregte grootmoedigheid mobiliseer en die stryd waardig tegemoet gaan”, het mnr. Viljoen onder langdurige toejuiging verklaar.

Die oor van die volk luister weer vandag na die politieke dreuning. Hierdie dreuning is eie aan die karakter van die volk: die belange van Suid-Afrika eerste, soos wyle genl. Hertzog dit in die boesem van die volk ingedra het.

### DEURE VAN A.P. OOP

„Die geledere van die Afrikanerparty staan oop vir elke man

## Elliot Vier O.B.-dag

Op 6 September het die Elliot-Kommando (B2C2) weereens getoon dat hulle saamstem met wat een van die „soldate sonder gewere” gesê het: „Basta praat, doen is die ding.” Ten spyte van ongunstige weersomstandighede wat die opkoms baie gestrem het, is die mooi bedraggie van £21 ingesamel. (Ingestuurt.)

en vrou wat hartlik op daardie grondslag wil saamwerk”. Spr. hoop dat ook die H.N.P. sal afsien van sy voorwaardes vir lidmaatskap. As ons dit nie doen nie, speel ons met vuur.

Sen. Raubenheimer wat hom by die vorige spr. aangesluit het, het 'n beroep gedoen op lede van die Ossewabrandwag om hul krag in te werp in die stryd wat voorlê om die Smuts-regering uit die kussings te lig.

„Ons moet 'n nuwe begin maak en dit doen op die beproefde beginsels van wyle genl. Hertzog. Bêre al die griewe en beklemtoon die 99 punte van ooreenkoms”, het sen. Raubenheimer onder byvalsbetuigings verklaar. „Ons moet mekaar se sondes vergewe en as ons hierdie laaste poging van die Afrikanerdom laat misluk, sal die klippe van ons velde teen ons uitroep”.

### GEEN STREPE

Spr. het beklemtoon dat die A.P. geen strepe trek nie en alle nasionale Afrikaners in sy geledere verwelkom. Die lede van die O.B. kan daarby aansluit sonder om hulself te kwes of seer te maak. So ook enige ander Afrikaner. Ons moet die hand van redding tot redding neem, het spr. verklaar. Ons moet alles op die altaar lê om die eenheid en oorwinning 'n voldonge feit te maak.

Aan die einde van die vergadering het mnr. Viljoen op 'n vraag of dit nie moontlik is dat die A.P. en die H.N.P. sommer dadelik kan een word nie, geantwoord dat daar nog praktiese moeilikhede is maar dat alle Afrikaners hoop dat na 'n tyd van samewerking die twee partye moontlik sal verenig.

Die kommandant van die O.B. in die Paarl, mnr. André du Toit, het 'n mosie van dank aan die twee sprekers voorgestel wat deur mnr. S. Louw, voorsitter van die H.N.P. en lid van die plaaslike afdelingsbestuur van die party, gesekondeer is. Hy het die versekering gegee dat alle kragte ingespan sal word om die volk weer een te maak.

Mnr. J. le Roux het opgetree as voorsitter.

### NIE OOR GESAGSTAAT

Na aanleiding van 'n vraag op die Stellenbosse vergadering van die A.P., het mnr. Viljoen verklaar dat hy die aanstaande verkiesing 'n gesagstaar nie ter sake is nie. Die doel is om alle Afrikaners te mobiliseer in 'n poging om in die aanstaande algemene verkiesing van die huidige regering ontslae te raak. Die verkiesing gaan oor die behoud van die blankedom in Suid-Afrika.

## HET U U INTEKENING OP DIE O.B. HERNU?

So nie, staan u in gevaar dat toesending aan u adres binnekort gestaak word.

Die stelsel van kommando-intekening het op 30 Junie laastelede verval. Vanaf 1 Julie teken almal regstreeks teen 10/- per jaar op die blad in. Om seker te maak dat u geen uitgawe van ons amptelike mondstuk sal mis nie, moet u onmiddellik onderstaande vorm voltooi en saam met u intekengeld pos.

VUL ASSEBLIEF HIER IN  
DIE SEKRETARIS,  
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK,  
POSBUS 1411,  
KAAPSTAD.

Geagte Heer,

Ek het tot dusver „DIE O.B.” deur middel van die kommando ontvang en neem daarvan kennis dat intekengeld vanaf 1 Julie 1947 regstreeks aan Voorslag (Edms.) Bpk., vooruitbetaalbaar is teen 10/- per jaar.

Gaan asseblief voort om „DIE O.B.” aan my adres te stuur tot ek u in kennis stel om toesending te staak.

Hiermee vind u die bedrag van.....

vir.....jaar/e se intekengeld.

Naam: .....

Posadres: .....

Datum ..... Handtekening .....

## A.V.B.O.B.

Lydbesorgers, Granteemakers,  
Begraafverskeraars

Bloemfontein — Pretoria  
130 Takke

## Verseker u Toekoms deur die Eienaar te word van VASTE EIENDOM

\* BOUPERSELE  
\* WOONHUISE  
\* PLASE  
\* BESIGHEDE VIR DIE  
KIESKEURIGE PERSOON  
Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON  
CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,  
Posbus 78 Foon 0028  
STRAND

## PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE  
EIEMS en ander PRODUKTE aan  
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.  
(Edms.) Bpk  
MOREMARK (Posbus 7185) Newton


## Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorakris  
na ons. Laat gekwalifiseerde  
Voorskryf-Oogkundiges u be-  
dien.

## Wahl, Lawrence

EN KIE.  
BRILMAKERS  
Adderleystraat 120a, Kaapstad  
Foon 22408

## „HUISE”



ALBEI IS „HUISE”—'n dak oor die kop, en vier mure om die weer buite te hou. Albei beantwoord aan die hoofdoel van beskutting. Maar wat 'n verskil in gerief en gemak!

So ook met Lewensassuransie. 'n Klein polis is ook „assuransie”—goeie, gesonde dekking. Maar, net so min as wat die man wat darem in redelike gerief wil woon, hom tevrede kan stel met die kleinste en goedkoopste ou huisie, net so weinig kan hy geldelike versorgdheid vir homself en sy gesin verskaf deur te wil klaarkom met sommer net „'n polis”—en te dikwels vir maar 'n deeltjie van die bedrag wat werklik nodig is!

★ Maak SEKER dat daar *werklik* genoeg assuran-  
sie vir u gesin se behoeftes of vir u eie oudag sal  
wees

deur

nog 'n SANLAM-Polis!



SUID-AFRIKAANSE NASIONALE  
LEWENSASSURANSIE-MATIGERS

— TAKKE DWARSDOOR DIE UNIE —  
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 20, KAAPSTAD

„DIE O.B.” WOENSDAG, 1 OKTOBER 1947

## Die Malan-Voorstel

Dr. Malan het verlede week op De Aar die deur van sy party op 'n nou skrefie oopgekras vir O.B.-lede. Indien hulle deur die verskillende stadiums van sy partymasjinerie — wyksrade en distriksrade — gesuiwer word tot volbloed partypolitieke demokrate, sal hulle binnegeleat word as vierde-rangse partylede vir wie die terrein van ampsdraer, provinsiale raadslid en parlementslid nog geslote heiligdomme bly. Met ander woorde, in teenstelling met die Engelse anti-republikein, van wie nie verwag word dat hy eers sy anti-republikeinse oortuiging moet uitskud voordat hy oor die H.N.P.-drumpel stap na kandidaatskap vir die parlement nie — soos in die geval van ene Macleod van Hottentotsholland — word O.B.-lede seits ná reinbevinding deur 'n nierargiese proses van suiwering nog maar as vierdegraadse stemvee aanvaar.

Die vraag wat by elkeen sal opkom is: Word die vernietiging van die Republiek dan van minder belang beskou as die vernietiging van 'n party, sodat 'n anti-republikein met volle behoud van sy anti-republikanisme opgeneem kan word, terwyl 'n anti-partypolitieke volksgenoot eers van sy oortuiging gesuiwer moet word en dan nog maar 'n vierde-rangse lidmaatskap ontvang?

Maar daar is ander teenstrydighede in dr. Malan se verklaring wat helderheid verg, nie omdat dit anders vir O.B.-lede moeilik sal wees om die toe pad na die H.N.P. te vind langs die oop pad na die A.P. nie, maar weens die ernstige poging wat dr. Malan aangewend het om 'n wig in te dryf tussen dr. Van Rensburg en sy volgelinge en die A.P. en O.B.

Hy haal 'n antwoord aan van dr. Van Rensburg waarin laasgenoemde sê dat die Ossewabrandwag alle A.P.-kandidate sal steun, maar dat sy ondersteuning van H.N.P.-kandidate sal afhang van die houding van die kandidaat, en dan vra dr. Malan „watter O.B. dr. Van Rensburg bedoel — dié binne of buite die Afrikanerparty of albei?”

### NET EEN O.B.

Aangesien daar net één Ossewabrandwag is — en selfs dr. Malan het die K.G. se antwoord wat dit betref reg aangehaal — kan daar nie 'n O.B. binne die Afrikanerparty wees nie. Daar is net één Ossewabrandwag en dié is BUITE die A.P. omdat, so sê dr. Malan dit seif, mnr. Havenga ook geen ooreenkoms met die O.B. as sodanig het nie.

Waar nóg dr. Malan nóg mnr. Havenga dan met die Ossewabrandwag as sodanig 'n verkiesingsooreenkoms het, staan dit die Ossewabrandwag as sodanig vry om sy krag in te werp waar hy wil, nl. agter dié wat hom nie beveg nie. En dan kom dit vreemd voor dat dr. Malan die K.G. verwyrt dat hy „die O.B. en die Afrikanerparty vra om ontrou te wees aan die Afrikanerparty en mnr. Havenga” indien hy nie die kandidate ondersteun wat mnr. Havenga aan dr. Malan belooft het om te ondersteun nie.

Wat se logika is dit?

Maar die kroon word gespan deur dr. Malan se teregwyding aan dr. Van Rensburg dat die A.P. en H.N.P. belooft het om mekaar „te ondersteun en getrou te ondersteun,” wanneer dr. Malan in sy voorafgaande voorstel uitdruklik te kenne gee dat sy party ook eis dat „kandidate wat deur die Party ondersteun word” — d.w.s. A.P.-kandidate — geen lid van die O.B. mag wees nie, terwyl mnr. Havenga ewe uitdruklik in die openbaar te kenne gegee het dat hy nie teen O.B.-lede diskrimineer nie.

Dr. Malan verwag dat die Ossewabrandwag as sodanig, wat buite staan, die ooreenkoms moet eerbiedig van die twee partye deur sy onvoorwaardelike steun te gee aan die bondgenoot van mnr. Havenga, maar hy self dreig om sy steun te onttrek waar mnr. Havenga sy waarborg aan O.B.-lede in ere hou — ten spyte van sy onderneming om sy bondgenoot „te steun en getrou te ondersteun”!

Soek dr. Malan dan eenheid, of probeer hy om die eenheid te vernietig wat ander besig is om op te bou?

## Stalin Sal Dit Nie Kan Begryp

Die verontwaardiging van die Engelse, Franse en Amerikaners oor die „geregtelike moord” op Nikola Petkov, die opposisie-leier in Bulgarye, deur die Russiese handlangerbewind klink baie vroom, maar dit sou vromer gewees het indien hul eie rekords skoner was.

Noudat die Russiese kommuniste — want vir alle praktiese doeleindes is dit Rusland se daad — dieselfde doen wat hulle by Neurenberg gedoen het en nog steeds besig is om in Duitsland te doen, word die hande opgehou in verontwaardiging oor die skending van 'n beskaafde reg.

Volgens die Cape Argus is Petkov tereggestel omdat hy skuldig bevind is aan 'n sameswering wat eendag uitgevoer sou word indien Amerika teen Rusland oorlog maak. „Dit beteken,” sê die blad, „dat 'n goeie pro-Geallieerde patriot doodgemaak is omdat hy van voorneme was om iets te doen indien sekere onwaarskynlikheid sou plaasvind.

Ons keur die moord in Bulgarye nie goed nie, maar ons kan nie help om die skynheiliges daaraan te herinner dat (Vervolg in volgende kolom)

## Robertson Se Mooi Bydrae Vir Duitsland

Die Robertson-Noodleniging-komitee is gedurende Oktober 1946 in die lewe geroep. Voor die totstandkoming van hierdie komitee is egter reeds die volgende na Duitsland weggestuur:

Desember 1945 en Mei 1946 — klerasie met 'n gewig van ongeveer 450 pd. waaronder ongeveer 140 pr. skoene, almal heel. Gedurende hierdie tydperk is ook ongeveer £250 deur verskeie persone bygedra en aangestuur.

Sedert die stigting van die komitee is die volgende gestuur:

Desember 1946 — £514 en ongeveer 500 lb. klerasie. April 1947 — ongeveer 200 pd. klerasie. Junie 1947 — £708 en ongeveer 400 pd. klerasie.

In die besendings klerasie versend sedert Desember 1946 is ingesluit 260 paar skoene.

Bydraes wat bestaan uit beide klerasie en geld kom nog steeds in. Die mense hier het baie vrygewig bygedra en bydraes is selfs ontvang van vorige vyande van die Duitsers, nl. van oudsoldate. — (Ingestuur).

## VERJAARDAG VAN K.G. GEVIER

Die Ossewabrandwag van die Noorde het weereens, vir die soveelste maal, op paslike wyse hulde gebring aan die Kommandant-generaal by geleentheid van 'n dinee wat aan hom en mev. Van Rensburg aangebied is deur Generaalskappe F4 en F12, Pretoria, op sy verjaardag, Woensdag, 24 September jl.

Onder die aanwesiges is opgemerk offisiere en brandwagte van die Vrystaat, Johannesburg, Rustenburg, Warmbad, Pietersburg en elders. O.a. was ook teenwoordig mev. Rokebrand, wie se man 'n paar dae gelede

Rusland nou maar net voortborduur om die nuwe regsgebinsels wat te Neurenberg in naam van die beskawing en Christendom neergelê is nie. Dáár is mense tereggestel omdat hulle skuldig bevind is aan oortreding van 'n wet wat eers ná hul gevangeneeming gemaak is en dus op die tydstip van hul „oortreding” nog nie bestaan het nie.

En ingevolge hierdie wet word mense vandag nog geregtelik vervolgt omdat hulle 'n politieke stelsel aangehang het waarmee die regters van vandag toe nog diplomatieke betrekkinge gehandhaaf het, en word vroue vandag lewenslank in tronke gestop omdat hulle getroud was met manne wat indertyd deur die regters as eerbare diplomate onthaal is.

Wat gebeur het is dat die Westerse Geallieerdes die skavot en die tronk teruggeskuif het om daad te dek wat by die „pleging” daarvan nog nie deur die skavot en die tronk gedek was nie. In dieselfde gees skuif Stalin nou maar net die skavot vorentoe om daad te dek wat nog nie gepleeg is nie. In praktyk beteken albei dat die skavot verskuif word om politieke teenstanders uit die weg te ruim wat buite bereik van die skavot staan.

Met sy herinnering aan die „geregtelike moord” van Neurenberg, waar hy ten spyte van 'n massamoord op 15,000 Poolse offisiere in die bos van Katyn, 'n sitplek op die regbank aangebid is, sal die slagtersbrein van Stalin dit moeilik vind om die besware te snap wat tans teen sy „geregtelike moord” op 'n individu gemaak word.

## „Verkiesing Gaan Nie oor Ideologieë”

WORCESTER. — Op 'n goed bygewoonde vergadering onder beskerming van die A.P. te Worcester op 26 September, het mnr. Jan Viljoen, oud-L.V., 'n grondige oorsig gegee van die ontsettende gevaar waarin die blanke beskawing tans verkeer. Terwille van selfbehoud moet nasionale Suid-Afrika sy geleedere sluit en alle kragt mobiliseer.

Met die oog op hierdie mobilisasie van Afrikanerkragte het spr. dit betreur dat in die afgelope week deur 'n bondgenoot voorwaardes aan 'n nasionaalgesinde organisasie gestel is wat beslis nie bevorderlik vir samewerking is nie. Spr. voel hartseer oor 'n inleidingsartikel in Die Burger van 26 September wat baie groot skade aan die huidige saamwerkingspoging kan doen.

Mnr. Viljoen het verklaar dat mnr. Havenga se standpunt is dat almal wat die nasionale beginsels onderskryf, welkom is in

hierdie stryd. Hierdie stryd gaan nie oor 'n ideologie nie. Ons moet ideologieë vergeet en mobiliseer. Laat ons nie onaanneemlike voorwaardes stel nie. Ons is verdeeld en daarom moet ons toenadering soek.

### HOOFARTIKEL

Spr. betreur die hoofartikel in Die Burger aangesien hy as ob-



Sen. Raubenheimer

jektiewe toeskouer weet hoeveel kwaad dit aan samewerking kan doen. Dit is makliker om mense uitmekaar te ja as om hulle weer te versamel. Laat ons geen fout maak nie, het spr. vervolgt. Een organisasie het nie alleen nasionalisme in pag nie. Selfs binne die V.P. is daar baie nasionale Afrikaners. Ons moet hulle ook in staat stel om saam te werk. Die kleinlikhede van vandag kan môre geen goed doen nie.

Die vergadering is ook deur senator Naas Raubenheimer toegesprek wat as O.B.-lid by die Afrikanerparty aangesluit het. Spr. het verklaar dat hy by die Afrikanerparty aangesluit het met behoud van sy identiteit sonder dat daar voorwaardes aan hom gestel is. Samewerking tussen die verskillende Afrikaner-groepe is moontlik op dieselfde grondslag van vriendskap waarop die drie Afrikaanse Kerke saamwerk. Hy het O.B.-lede versoek om by die A.P. aan te sluit. — (Korr.).

## Kerk Rig Verloë Oor Deportasie

'n Versoek aan die Eerste Minister om, indien hy nie van die deportasie van die Unie- en Suidwes-Duitsers wil afsien nie, dan darem tot na die Europese winter te wag, is vervat in telegramme wat deur die Modera-tuur van die Kaaplandse N.G.-Kerk en die Gefedereerde N.G.-Kerke se kommissie insake deportasie aan veldm. J. C. Smuts gestuur is.

Die Kerk doen die beroep in naam van die menslikheid en Christelikheid.

## SKILVRY SKILFER-MIDDEL

slaag in die hardnekkigste gevalle.

U apteker of handelaar sal u voorsien.

# PARTYSTELSEL RAAK IN ONGUNS BY BRITTE

In Brittanje waar die partystelsel sy oorsprong het en sedert baie jare welig op volksbelange gegroei het, gaan daar tans in toenemende mate kragtige stemme op vir die afskaffing van die stelsel omdat dit Brittanje in die afgrond help stort en nie by magte is om die volksvraagstukke op te los nie.

„Hoewel daar net 'n paar onafhanklikes in die Britse parlement is, is daar miljoene mense in Brittanje wat aan geen party behoort nie. Hulle oortref die party-ondersteuners met meer as twaalf teen een,” skryf Independent Nationalist, 'n Britse blad, en voeg daaraan toe dat dit 'n bemoedigende teken is om te merk met watter agterdog die volk die partypolitieke stelsel begin bejeen.

Geen party word in breë kringe in 'n gunstige lig beskou nie en geen party word heeltemal verdoem nie, „maar daar is 'n bittere wantroue in partypolitici en 'n algemene veroordeling dat mense „ingaan vir politiek” met die doel om dit as loopbaan te kies en seksionele belange te bevorder ten koste van die volk.” Duisende intelligente patriotte het ernstig tot die oortuiging gekom dat die onbuigbare partystelsel nie langer nodig is vir die werking van die parlement nie; dat dit 'n ernstige struikelblok is in die weg van die volk se vooruitgang en dat dit selfs gevaarlik kan wees vir die staat se veiligheid, verklaar die blad.

## HEF IN HANDE

Die blad pleit vir die stel van onafhanklike kandidate. Die onafhanklike miljoene wat doof is vir die propaganda in die pers het die hef in hande by die verkiesing. Hulle glo dat die bestaande politieke partye niks beteken vir die welvaart en veiligheid van die volk nie. Die openbare mening buite die parlement, is verantwoordelik vir meer hervormings as wat daar ooit deur middel van party-programme, politieke debatte of ondernemingsgees van die regering tot stand gekom het.

Denkende onafhanklikes het lankal agter gekom dat die groot politieke partye slegs voorgee om administratiewe krag te besit, en dat die werklike uitvoerende mag uitsluitlik in die hande van 'n groepie hoë staatsamptenare is. Die staatsdiens dra die beheer en bestuur van die regering en die parlement lê slegs die raamwerk neer. Hierdie stelsel bring omslagtigheid, vertraging en hoë koste mee. Niemand is gewillig om die verantwoordelikheid te dra onder hierdie uitgediende stelsel nie, gaan die blad voort.

## GEBREK AAN ERNS

„Almal betreur die treurige toestand waarin ons verkeer, maar weinige pogings tot herstel word aangewend sonder oorwegings vir persoonlike, professionele en politieke be-

lange. Daar is 'n ernstige gebrek aan erns ten opsigte van die nood en die volksvraagstukke van die dag. Daar is geen teken dat die pers as 'n geheel en die lede van die parlement oor die algemeen gewillig en in staat is om die leiding te neem en sake te bestuur sodat die volksbelange eerste gestel kan word nie,” skryf die blad.

Daar is 'n beweging onder alle volkslae aan die gang teen hierdie stelsel, en daar is 'n behoefte aan nuwe bloed. Die blad verklaar dat mense wat gebind is aan die partye nie kan spog met hulle loyaliteit nie omdat hulle gebondenheid hulle vryheid 'n klug maak. „Die partystelsel verseker dat die volkswil beperk en nousettend gereguleer word. Uitvoerende mag en baaskap in die hande van 'n geheime paar, het die stembus beroof van alle krag wat dit voorheen gehad het. Die moderne party-koukus is 'n gevaarlike masjien, 'n onheil wat nie die parlementêre stelsel bevorder nie.” In die soek na die stemme van die emosionele, party-benewelde slagoffers, het die persoonlike karakter sowel as die volksgevoel van die politici versleg.

## MEER DEMOKRATIES

Onafhanklike persone wat nie aan die partye gebonde is nie, kan beter die belange van die volk behartig, en wanneer

hulle hul misgaan, kan daar baie makliker van hulle ontslae geraak word as van die partymanne.

Die party-politieke lidmaatskap in Brittanje gaan nie tweemiljoen te bowe nie, maar tydens die algemene verkiesing in 1945 is daar 24 miljoen „party”-stemme uitgebring. Dit is dus duidelik dat baie min van die party-ondersteuners aktiewe belang in die partystel. Die beslissing van die lot van Brittanje lê dus in die hande van die vlottende stemme.

## LEDETAL

Amptelik word, die ledetal van die Konserwatiewe Party in Brittanje as 1,161,643 aangegee; maar in die verkiesing het die party 11,942,000 ondersteuners gehad. Die ledetal van die Arbeidersparty word aangegee as 609,345. In die verkiesing het 12,000,000 mense vir dié party gestem. Ontleding van die syfers toon dat slegs een uit elke 12 Britte homself die moeite troos om lid van 'n party te word.

Die sukses van 'n party by die verkiesing hang af van hoe hy die vlottende stemme deur middel van propaganda, emosie, leuens en beloftes kan beïnvloed wat deur die party uitgedink word. Die blad sluit met 'n oproep om 'n einde te maak aan die party- en koukus-regering van Brittanje.

# ENGE POORT VIR O.B.-LEDE NA PARTYSKAP

Volgende op die kwalifiserende bepalinge van die H.N.P.-kongres in Transvaal oor H.N.P.-lidmaatskap vir O.B.-lede, het die Kaaplandse kongres van die party verlede week op De Aar in wese byna 'n soortgelyke besluit geneem. Hiervolgens bly die houding van die party teenoor die O.B. as organisasie onveranderd soos dit die afgelope jare was.

Die kongres het die volgende besluit soos voorgestel deur dr. Malan, geneem:

1. Die bestaande verhouding van die party tot die O.B.-organisasie as sodanig bly onveranderd.

2. Die vorige kongresbesluit, naamlik dat geen O.B.-lid wat nie eers as sodanig bedank het, lid van die Party mag wees nie, word gewysig, en daar word nou bepaal dat 'n O.B.-lid wat nie as sodanig bedank het nie, tot lidmaatskap van die party toegelaat mag word, alleen as die distriksraad op aanbeveling van die betrokke wyksraad homself eers tevrede gestel het: (a) dat sodanige lid nie of nie langer die leer van die sogenaamde gesag- of partylose staat ahang nie; (b) dat hy die grondslag waarop die party berus, aanvaar en (c) dat hy bereid is om in alle opregtheid getrouheid aan die party te belooft, ooreenkomstig die eise wat daar aan partylede gestel word.

## OOK KANDIDATE

Geen lid van die party wat ook nog lid van die O.B. is, mag as ampsdraer van die party verkies word nie. Onder ampsdraers word ook ingesluit alle parlements- en provinsiale-raadslede, en kandidate wat deur die party ondersteun word, lui die kongresbesluit.

Dr. Malan het hierop 'n aanval op dr. Van Rensburg gemaak na aanleiding van sy antwoord op 'n vergadering dat die Ossewabrandwag sy steun aan 'n A.P.-kandidaat sal gee, maar dat dit van die houding van die H.N.P.-kandidaat sal afhang of die Ossewabrandwag hom sal steun.

## „OPBREEK”

Dr. Malan het dit so uitgelê dat dit beteken dat dr. Van Rensburg O.B.-lede wat by die A.P. aansluit beweeg om ontrou te wees aan mnr. Havenga en die ooreenkoms tussen die twee partye. „Weet dr. Van Rensburg nie dat hy die Afrikanerparty vra om ontrou te wees aan die Afrikanerparty en mnr. Havenga nie,” sou dr. Malan gesê het volgens verslag in Die Burger. „As hy dit weet, is dr. Van Rensburg dan besig om daardie ooreenkoms tussen die twee partye op te breek en as hy dit doen, in wie se belang doen hy dit?”

Dr. Malan het gevra of O.B.-lede daarmee gediend is om op so 'n pad geleidelik te word. „Ons wil eenheid hê. Gaan hulle op die pad van dr. Van Rensburg, die pad na eenwording dwarsboom of gaan hulle eenheid help bewerkstellig?”

## AANKONDIGING

Ons het genoeë om bekend te maak dat PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL en die opvoedkundige afdeling van die C.S.V.-BOEKHANDEL vanaf 1 Oktober 1947 as een saak gedryf sal word onder die naam

UNIVERSITEITS-UITGEWERS EN -BOEKHANDELAARS (EDMS.) BEPERK op dieselfde persele.

Met hierdie voorwaartse stap word beoog om beter dienste as ooit tevore aan die Studente en Publiek van Stellenbosch in die besonder, en van Suid-Afrika in die algemeen te lewer.

Pro Ecclesia en C.S.V. bedank u vir u ondersteuning van die verlede en die nuwe maatskappy reken op u ondersteuning vir die toekoms.

Wanneer u enige boek of skryfbehoeftes benodig, skryf aan

UNIVERSITEITS-UITGEWERS EN BOEKHANDELAARS (EDMS.) BPK.

Posbus 29 — Telefone 18 en 507

PLEINSTRAAT

STELLENBOSCH

## BRUIN SWITSERSE BEESTE TEN VOLLE GEREESTREERD.

Die WINTERBERG-STOET van Gereestreeerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal gereestreeer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.

Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek: G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.

Hulle is hier-  
Hulle is daar  
Hulle is ORAL!

20 vir 11d.  
ook te koop  
teen  
50 vir 2/2d.  
10 vir 51d.



Daar is 'n groot vraag na Ronde Kommando in die stad rond

Hulle is koel, rook lekker met 'n sie geur wat hulle elke dag meer vriende besorg.

**Kommando**  
RONDE - SIGARETTE

## Immigrante Kom Aan

Daar het verlede week 1034 Britse immigrante met die Carnarvon Castle in Kaapstad aangekom. Die meeste van hulle het verklaar dat hulle bly is om uit Engeland weg te wees, en een het gesê dat die Britte nou aan so min kos gewoond is dat baie siek geword het op die skip toe hulle baie en ryk geëet het.

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

## TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

## Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

## Handelsadvertensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

## GOUE BRUILOF

MNR. EN MEV. PAUL ROUX, van „Di Rialto,” Suider-Paarl, kyk met dankbaarheid terug na 'n geseënde huwelikslewe van vyftig jaar. Getroud 29 September 1897 deur ds. Albertyn in die N.G. Kerk, Wellington. „Alle eer aan Hom.” 1/10/1

## VRYSTAATSE GOUDVELD EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaalsrust omgewing, raadpleeg WELKOM EIENDOMS- EN TRUST AGENT-SKAP, Henneman (Elenaars Alberts en Greeff). Foon 43, Telegramme „Weta.” 16/4/TK

## BOME, PLANTE EN SAAD

**AARTAPPELS:** Pragtige, gesonde en vars, graad I, teen 18/- per 150 lb. Eier-grootte Saadaartappels, tweede na ingevoerde, 20/- per 150 lb. Skotse Up-to-date, 25/- per 150 lb. Almal V.O.S. Bethlehem, in nuwe sakkies wat terug gestuur moet word. Ek waarborg tevredenheid.—S. W. TABIE, Kommandant, Bus 328, Bethlehem. 10/9/TK

**AARTAPPELMOERE.** — „Irish Up-to-date” aartappelmoe, eerste na ingevoerde. Pragtig uitloep. Regerings-gesertifiseerde saad van die Kalkfontein Moerkwekersvereniging, Rietrivier. A-graad, 1½ tot 5 onse 30/-; B-graad, 5 tot 8 onse 27/- per sak, ook gedip. K.M.B. my hante. — G. D. VAN DER MERWE, Wavoren, Pos Emmans-sylyn. 17/9/3B

**BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD.** — Pryslys verkrygbaar. Bestel al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSHOEK. 20/8/TK

**DAHLIAS:** Reuse Dekoratieve, bekoorlike Kaktus, skitterende Pompons, Wêreldbekende prysweners soos Queen Elizabeth 25/-, History 22/6, Andron-dack Sunset 10/6; Dr. Plumcoq 7/6; Volkaerts Champion 5/-; Bergers Meisterstück 7/6 elk. Bestel nou — voor-kom teleurstelling. Sonstraal Uitdaag Versameling: 50/- per dosyn. Sonsyn Versameling: 40/- per dosyn. Tuyn Versameling: 30/- per dosyn. Pompons: 35/- Dwerf Dahlias vir sny en versiering 18/6 en 25/- per dosyn. Swaard-lilles: Reënboog Mengsel 6/6 per dosyn. Pryslyste gratis. — HERHOLDT'S, Posbus 660, JOHANNESBURG. 3/9/TK

**GROENTESAAD.** — Detroit en Egiptiese plat beet 7/6; Chanteney-wortels 10/-; Beauty- en Marglobe-tamaties 35/-; Tom Watson-waatlemon 10/-; Kropslaai 17/6 per lb. Almal 6d. dunder per ½ lb. Handelsnavrae verwelkom. — KARROO-SAADVERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 20/8/TK

**FATATRANKE.** — In volle groei, reg vir plant. Wit driemaande 8/- per 70 lb., Borrie 10/- per 70 lb. Sesmaande, wit- en Borriesteggies 6/- per 1.000. Patats teen 12/- per sak. K.M.B. — H. ROELOFFSE, P/s Serpentine, Dist. GEORGE. 1/10/TK

**PATATRANKE.** — Uitstekende rooigrond-patatrake. Sesmaande 7/- vir 80 lb., driemaande wit 7/- vir 60 lb., Borrie-, wit- en sesmaande-steggies (met hand gesny) 6/- per 1.000. K.M.B. Meld stasie. — B. H. GERBER, D/sn., Klaashoek, P.K. Hoekwil, GEORGE. 24/9/5

**PATATRANKE.** — Mool en\*reg vir plant. Sesmaande 6/6 per 80 lb., driemaande wit 10/- per 80 lb.; 7/6 per 60 lb. Sesmaande, driemaande wit en borriesteggies 6/- per 1.000. V.O.S. Serpentine. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 17/9/TK

**PATATRANKE.** — Pragtige, gesonde kortlitt rooigrond-sesmaande Patatrake teen 6/- per 80 lb. kontant. Gelewer op Kleinbrakstasie. — THINUS TERBLANCHE, Dagbreek, Pos GON-NAKRAAL. 3/9/TK

**PATATRANKE:** Sesmaande, 6/6 per 80 lb.; driemaande wit, 8/6 per 60 lb.; steggies, 6/- per 1.000. K.M.B. — A. P. DE VILLIERS, Brandwacht, MOESSELBAAL. 10/9/6B

**PATATRANKE** — Sesmaande 5/6 per 60 lb.; driemaande 10/- per 80 lb. Sesmaande-, driemaande- en borriesteggies, 6/- per 1.000. K.M.B. gelewer Serpentine. Teverdenheid ge-waarborg. — B. H. GERBER, C/sn., P.K. Hoekwil, GEORGE. 17/9/TK

**PATATRANKE.** — Mool uitgespruite ranke. Drie maande wit, 10/- per 80 lb.; steggies teen 6/- per 1.000. Gelewer Serpentine-sylyn. K.M.B. — J. GERBER, P/Sn., P.K. Hoekwil, Dist. George. 1/10/TK

## FOTOGRAFIE

Stuur u ROLFILMS na BERNARD ATELJEE, Bus 755, Kaapstad, vir ontwikkeling en afrukke. Ontwikkeling van films 6d. elk. Afrukke 620 of 120 kiekies, 3d. elk; 616 of 116 kiekies, 4d. elk; Poskaart 9d. elk. Kontant met Bestelling. 17/9/4B

## GEMENG

**LOOIERY.** — Velle word bewerk na keuse, d.w.s. in leer, goed vir tulle, sool, oorleer, ens. Om besonderhede skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN, FRANSCHOEK, K.P. 19/3/TK

## Rusland, Nie Duitsland Die Gevaar

Die onmiddellike gevaar vir Frankryk is nie Duitsland nie, maar Rusland, het Paul Anxionnaz, sekretaris-generaal van die Franse Radikale Party verklaar. Hy het verwys na die gebrek aan 'n verdedigingsplan en gesê:

„Die werklike rede is dat die regering geen idee het waar die grootste gevaar lê nie. Vir baie Franse is die gevaar Duitsland. Ek beweer dat dit op die oomblik verkeerd is. Dit mag oor tien of vyftien jaar so wees, maar op die oomblik is Rusland die gevaar”.

## Britte Sal Palestina Besmoontlik Ontruim

Brittanje sal inwillig tot die beëindiging van die Palestynse mandaat en is bereid om enige plan af te dwing wat vir sowel die Jode as Arabiere aanneemlik is, na die Britse minister van koloniale sake, Creech-Jones voor die V.V.O. se komitee insake Palestynse aangeleenthede verklaar het.

Creech-Jones het verklaar dat die Britse regering nie bereid is om wapengeweld op Palestina af te dwing nie. Indien daar nie 'n ooreenkoms getref word nie, sal Brittanje al sy troepe en administratiewe personeel uit Palestina terugtrek.

## WYS WAAR DIE FOUT LÊ

'n Greep Amerikaanse deskundiges het 'n vliegtuig-apparaat uitgevind wat in staat is om die kleinste foutjie wat daar in die masjien van die vliegtuig ontstaan, aan te toon. Selfs al sou 'n vonkprop net nie goed werk nie, dan sal die lods dit weet.

Die apparaat werk volgens elektroniese beginsels en weeg 47 pond. Op 'n paneel wat voor die lods aangebring word, toon die masjien dadelik 'n beeld van die deel van die masjien wat defek is.

## Tyd Tot Besinning Het Aangebreek

O.B.-dagviering het op Cedarville plaasgevind op Saterdag, 20 September. Kommando D3c1, onder bevel van hoofkommandant A. de Kock, saam met die vroue-kommando, onder bevel

wanneer daardie stelsel die gehele samestel van die Westerse beskawing inmekaar laat tuimel, dan is dit tyd dat ons onself besin”.

Die Ossewabrandwag was in die laaste ses jaar van sy bestaan 'n versetbeweging. So was die Groot Trek verset teen vreemde oorheersing. Ook Slagtersnek — die Anglo-Boereoorlog en die Rebelle van 1914 is gebore uit die gees van verset van 'n vryheidliewende volk, en ons voel vandag trots oor daardie episodes uit ons volksgeskiedenis. So ook sal ons oor tien jaar trots voel oor die gees van verset wat die O.B. tydens die afgelope oorlogsjare brandende gehou het. Die hamer van die kommunisme is klaar om ons te verpletter en sy sekel is geskerp om die blankedom af te sny. Dis die verdienste van die Ossewabrandwag dat hy aktief opgetree het en nog optree uit die besef van die gevaar wat die Westerse beskawing bedreig. Die geskiedenis sal die waarde van daardie optrede bepaal.

## NUWE ORIENTASIE

„Wat die politieke samestelling aan die tuisfront betref, is dit my persoonlike mening dat daar net een persoon is wat in die pad staan van die wesenliking van ons volksideale, naamlik J. C. Smuts. As hy sterf sal die S.A.P. uitmekaar spat. Onder die huidige ondersteuners van daardie party is daar duisende wat nooit hulle steen aan Hofmeyr sal gee nie, wat ewemin iets van die H.N.P. wil weet en nog minder van die O.B. Daardie mense sal aansluit by die groep wat hulle belange behartig — die boere sal 'n belangegroep vorm, die nywerars 'n ander een ens. Dit is volgens my insiens die rigting waarin die ontwikkeling van ons nasionale sowel as die internasionale lewe hom beweeg. Ons is dankbaar dat die Ossewabrandwag dit tydlig ingesien en voorsorg daarvoor gemaak het.

Met verwysing na die verkiesing het genl. Pienaar gesê dat op die vraag of ons vir die een of ander politieke party moet gaan stem, hy antwoord dat ons nie vir 'n politieke party gaan stem nie, maar vir die voortbestaan van die Afrikanervolk. — (Spes. Korr.).

**HONDERD NUWE** nywerheidstede en 'n atoomfabriek word tans in Rusland gebou, maar daar word so min publisiteit aan gegee dat selfs die Russe nie daarvan weet nie, volgens die tydskrif, „United Nations World”.



Genl. C. A. Pienaar

van kommandante Sam. de Kock, het 'n aangename funksie gereël in die Stadsaal. Die aand is 'n openbare vergadering deur kommandant De Kock geopen, waar hy die Gebiedsleier, generaal C. A. Pienaar, aan die woord gestel het.

Die Gebiedsleier het in 'n boeiende toespraak 'n aandagtige gehoor, waaronder enige lede van die H.N.P., 'n oorsig gegee van die politieke situasie buite en binne ons grense. „Wanneer”, aldus generaal Pienaar, „'n politieke stelsel sover gekom het dat dit alle opbouwende samewerking onmoontlik maak, omdat dit loyaliteit ten opsigte van 'n party stel bo volkstrou, wanneer daardie stelsel lede van een en dieselfde Kerk teen mekaar in die harnas jaag en hulle laat vergeet om as broeders saam te woon,

## Vra Duitsers Om Jode Te Help

Die Amerikaanse owerheid in Duitsland het 'n beroep op die verhongerde Duitsers gedoen om 25.000 Ryksmark in te samel om die Joodse vlugtelingen wat twee weke gelede in Hamburg aangekom het, te onderhou en te help. Die versoek het teen 'n muur van weerstand gestuit.

Die oproep is in die pers en oor die radio gedoen. Een van die Amerikaanse koerante het selfs aangebied om die fondse te beheer.

'n Stroom briewe van protes het losgebars. O.A. word die Jode daarvan beskuldig dat hulle verantwoordelik is vir die huidige hongersnood in Duitsland omdat hulle die regerings van Amerika en Engeland beheer.

## Boerejeug Hou Laertrek

Die Boerejeug van Bellville hou 'n laertrek op die Boerejeugterrein op die plaas Uitkamp by Durbanville tydens die lang naweek vanaf Vrydag, 3 Oktober tot Maandag, 6 Oktober.

Saterdagagaand tydens die laertrek word 'n groot kampvuur gehou en alle O.B.-vriende en brandwagte word uitgenooi om 'n heerlike koppie Boerekoffie saam met die laergangers te geniet. Vir verdere besonderhede skakel u Boerejeugoffisiere.

## BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons. GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

## GEHOORAPPARAAT

## Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

## KENNISGEWING

KRUGERDAG, 10 OKTOBER 1947

Die aandag van die publiek word daarop gevestig dat alle takke van VOLKSKAS op bogemelde dag om 10 uur v.m. hulle deure vir besigheid sluit. (Ons sou graag op dié dag 'n algehele sluiting van besigheid handhaaf, maar wetlike implikasies by die saak betrokke, maak dit ongelukkig vir ons onmoontlik).

VOLKSKAS BEPERK, J. J. BOSMAN, Hoofbestuurder.

Pretoria,

25 September 1947.

# Lot van 30 Milj. Slawe In Rusland

Volgens gegewens verstrekkend in sy boek „Ek Kies Vryheid” deur die voormalige hooggeplaaste Sowjet-amptenaar Victor Kravchenko, is daar in Rusland meer as dubbel soveel slawe as in die res van die wêreld tesame. Hy skat dat daar in 1938 soveel as 15 miljoen slawe in die staat se arbeidskampe was, en dat hierdie syfer in die daaropvolgende paar jaar tot 20 miljoen moes gestyg het.

Aangesien die Internasionale Konferensie Insake die Regte van die Mens die getal slawe in die wêreld kort gelede geskat het op 9 miljoen, oortref Rusland dus die res van die wêreld tweevoudig in sy slawerykdom.

Hierdie 20 miljoen slawe is vir die grootste deel Russe en hulle ontvang geen besoldiging nie, maar werk vir hul daaglikse brood wat nie eers voldoende is om hulle aan die lewe te hou nie.

Niemand behalwe Stalin het die waarborg dat hy nie te enigertyd tot slaaf verklaar sal word nie, en inderdaad is daar vir die gewone werker net twintig minute tussen sy „vryheid” en slawerny. ’n Werker wat twintig minute laat by die werk aankom, word ’n slawe-arbeider. Dit is die aaklige toestand wat heers in ’n land wat deur die demokratiese lande te Neurenberg op die regbank geplaas is om te oordeel oor die „oorlogsmisdad” van gebruik van vreemde werkers!

In werklikheid is die hele Russiese volk in slawerny gedompel met verskillende grade van voorregte. Lede van die Kommunistiese Party het die grootste voorregte, daar hulle oral in begunstigde posisies geplaas word. Hul rooi party-kaart is die sleutel tot die lewe. Maar selfs hulle het nie die vryheid om te gaan waar hulle wil nie. Hulle kan hul werk nie verlaat of verander sonder toestemming van die party nie.

## „VASGEBIND”

In Januarie 1939 het dit ook onwettig geword vir die gewone burger om sy werk te verander. Aan hom is toe ’n geel kaart gegee wat ’n blywende rekord is van sy arbeidsprestasies, tekortkominge en strawwe wat hy weens foute ondergaan het. Deur hierdie kaart is hy aan sy masjien vasgebond en kon hy alleen verskuif na ’n ander werk indien op daardie kaart toestemming daartoe verleen is.

Dit was die eerste stap tot algehele verslawing. Kort daarna het die regering ’n veldtog op tou gesit teen lyf-wegstekery. „Daarna het die Drakoniëse edik gekom, ter versterking van die sosialistiese arbeidsdisipline. Laat daardie buitelandse onnosseles wat voorgee dat hulle ’n „s sosialistiese demokrasie” en ’n „werkersmaatskappy” in Rusland sien, hierdie edik bestudeer. Laat hulle hulself afvra of die onderdrukte werkers in hul verdonkerde lande so ’n behandeling sal duld,” skryf Kravchenko.

## 20 MINUTE

„Die nuwe wet het bepaal dat elkeen wat vir meer as twintig minute laat by sy werk kom, outomaties voor die plaaslike vervolger gedaag moet word. Hy moet dan verhoor word, en indien skuldig bevind, tot tronkstraf of gedwonge arbeid gevonnis word.” Die wet bepaal verder dat amptenare wat genade betoon of „hierdie misdadigers” beskerm, in hegtenis geneem en gestraf moet word.

„Alleen ernstige siekte wat formeel deur die fabrieks-dokter bevestig is, of die dood van ’n familielid was aanvaarbare bewys van onskuld. Verslapping of vervoermoeilikhed kon nie as verskoning aangebied word nie.

## NOG NOOIT

„In my loopbaan as nywerheidsbestuurder het ek baie houe op die ongelukkige koppe van die werkers sien val. Maar nie een daarvan was so ongeleeflik, so verstommend as hierdie een nie. Aanvanklik het baie mense gemeen dat dit te drasties is om toegepas te word. Maar ons het spoedig verstaan dat dit Stalin erns is. Twintig minute was die grens tussen die beperkte slawerny van „vrye” werkers en die totale slawerny van die gedwonge arbeidsafdelings.”

Binne die eerste drie maande is ongeveer ’n miljoen mense onder hierdie wet veroordeel. „Vaders en moeders is uit hul huise gesleep en hul kinders agter gelaat om van honger te sterf of in weeshuise geplaas te word omdat hulle verslaap het of omdat hul krankheid nie deur die fabrieksdokter ernstig genoeg opgeneem is nie. In my eie fabriek is dosyne mense elke dag veroordeel.”

Hierby moet in aanmerking geneem word dat meeste Russiese werkers nie horlosies kan bekostig nie, en dat op betrokke dae hulle geen aanduiding van die tyd gehad het nie.

## DIE OOGMERK

„Dit was vir my duidelik,” skryf Kravchenko, „dat die genesing van laatkomery slegs maar een oogmerk van die Drakoniëse dekreet was. Die ander, en miskien belangrikste oogmerk was om die bevolking van die dwangarbeiders uit te brei. Die houe het spesifieke opdragte gehad. Die masjinerie van die „gereg” het naartoe gewerk: vrye werkers is aan die een end ingedruk by die tien- en honderdduisende, en nuutgemunte dwangarbeiders het by die ander end uitgekome.

„Hierdie wrede dissiplinêre maatreëls teen die gewone man, wat sy laaste stukkie menslike waardigheid vernietig het, het saamgeval met ’n buitengewoon koue winter. Die slawe in die Urals van die N.K.W.D.-kolonies moes ten spyte van die meedoënlose koue buite werk, bevrore, deur kouevuur aangestas, vermink.”

## BEGRAFNIS VOLTYS

Vir die lewe van die slawe word weinig omgee—iets wat maklik verkry word, het

## Duitse Slawe In Uraanmyne In Duitsland

Uit die Russies-besette deel van Duitsland word berig dat nog 5.000 Duitse arbeiders deur die Russe verplig is om in die uraanmyne by Erzenberg en Schwarzenberg te gaan werk. 18.000 Duitsers werk reeds hier onder die dwang van die Russe. Die erts waarvan atoombomme gemaak word, word na Rusland vervoer.

gewoonlik nie veel waarde nie. Kravchenko verklaar dat die meer berugte kampe in die noorde en ooste van Rusland soveel as veertigduisend slawe elk bevat. „Aangesien die sterftesyfer taamlik hoog is, het sommige van hierdie kampe spesiale brigades van prisoniers wie se uitsluitlike taak dit is om vir twaalf tot veertien uur op ’n dag die dooies te begrawe.”

Hoewel „oortreders” tot ’n sekere termyn gevonnis word, het dit geen betekenis nie. „Hulle word nie outomaties vrygestel aan die end van hul vonnis nie, maar slegs op spesiale bevel van die hoofkwartier van die N.K.W.D. in Moskou, wat die vonnis gewoonlik willekeurig verleng ten einde hul leer van dwangarbeiders op volle sterkte te hou. Diegene wat wel losgelaat word, word selde indien ooit toegelaat om terug te keer na hul huise. In plaas daarvan word hulle verplig om in voorgeskrewe

streke te woon, gewoonlik afgeleë dele van Sibirië, die Verre-Ooste en die Verre-Noorde. Daar is inderdaad groot gemeenskappe wat heeltemal net bestaan uit voormalige gevangenes.”

## „EK OOK”

In die loop van sy werk het Kravchenko baie van hierdie ongelukkiges teenekom. „Die aanskouing van hierdie verwese, skaars menslike wesens, in hul vuil vodde, het enige verdwaalde vonk van geesdrif in my hart versmoor. Die gedagte aan hierdie miljoene slawe wat werk en ly en soos vlieë sterf oor die hele Rusland, was so pynlik dat ek dit gedurig op die agtergrond gedruk het. Daarom was elke ontmoeting van hierdie wrede feit ’n nuwe skok. En wat die pyn daarvan vererger het, was die besef dat ’n blote ongeluk my ook in die gelede van daardie verdoemdes kon besorg; dat vir al wat ek weet ek binnkort tussen hulle kon wees.”

## KAN ENIGE GETAL LEWER

Op een plek waar hy aan die hoof van ’n reuse onderneming gestaan het, het Kravchenko veel gebruik moes maak van die slawe. „Daar was heelwat koelbloedige onderhandelings (met die N.K.W.D.) oor die kwalifikasies van die slawe wat verskaf moes word en die pryse. ’n Buitestaander wat daarop afgekome het, sou onder die indruk verkeer het dat dit perde en muile en nie mense was wat daarby betrokke was nie. . . . Die N.K.W.D.-vertegenwoordiger het verklaar dat daar geen skaarste aan gevangenes was nie, met inbegrip van die nodige persentasie geskoolde werkers en voormanne. Hy kon vyftigduisend, tienduisend, enige hoeveelheid wat begeer word, voorsien. Daar was ’n toon van professionele trots in sy stem—’n perdeteler se trots op sy stalle.”

Die enigste voedsel wat hierdie slawe kry is brood, en die strawwe vir oortredings is, volgens ’n aangeplakte kennisgewing in die kamp, as volg: „Eerste oortreding, twee dae sonder kos; tweede oortreding, eensame opsluiting vir minstens ’n week; derde oortreding, verlenging van die vonnis na goedgekeurde owerheid,” of „die hoogste mate van sosiale verdediging wat die Sowjet-formule vir die doodstraf is.”

(Verovlg in volg. kol.)

## Duitsers Wag Op Hitler

Negentig persent van die mense in Duitsland bid dat Hitler terug moet kom, het die Australiese minister van verdediging, John Dednam, verklaar nadat hy van die internasionale handelskonferensie in Genève teruggekeer het.

„Dit is omdat hulle in die uiterste wanhoop en ellende leef. Dit is betreurenswaardig dat so lank na die einde van die oorlog nog geen besluit geneem is oor die nywerheidspeil wat aan Duitsland toegelaat moet word om sy ekonomiese lewe weer op te bou nie.”

Hy het die skuld aan Rusland se optrede gewy.

’N KLEIN EILANDJIE wat veertig jaar gelede onder die see verdwyn het, het onlangs weer sy verskyning bo die water gemaak in die omgewing van Noord-Borneo. Die eiland is omtrent 230 tree lank en 80 voet hoog, en het in die vorm van ’n heuwel verskyn.

## KINDERSLAWE

Behalwe hierdie slawe is daar ook nog ’n stelsel van kinderslawerny in swang in Rusland. „Miljoene kinders word teen hul eie en die sin van hul ouers weggeneem uit hul huise en in nywerhede gestop op ’n mobilisasie-grondslag sonder inagneming van hul begeertes . . . Selfs voor die oorlog, toe ek nog in die Glavtrubostal-fabriek in Moskou gewerk het, het ek in verskeie fabriek groot groepe van hierdie kinders gesien wat met geweld van hul huise weggeskeur is. Ek het die hele stelsel van naby leer ken. Die jong dienspligtiges is soggens om halfses met ’n drom of beuel gewek vir militêre drill. Dan het hulle ontbyt geneem en om sewe-uur was hulle by hul werkbanke, seuns sowel as meisies. . . . Vyf maal gedurende die oorlog het die regering nuwe mobilisasies deurgevoer waardeur die totaal van hierdie geuniformeerde seuns en meisies op nege miljoen te staan gekom het. Daarby is honderde duisende seuns, van wie sommige so jonk as twaalf en dertien jaar was, in pas opgerigte militêre skole gedryf om opgelei te word as offisiere vir die leer, op dieselfde wyse as wat die ander voorberei word vir proletariese beroepe. . . .

## 40 MILJOEN VERMINKTES

„Indien die stelsel van kinderdienstplicht voortgaan, en daar is alle aanduidings dat dit sal, sal die Sowjetstaat teen 1960 tussen dertig en veertig miljoen werkers op hierdie geregimenteerde grondslag tot sy beskikking hê. Dit sal ’n nuwe soort proletariaat wees. Huislike invloede wat aan ’n vryer verlede herinner en intellektuele invloede anders as dié wat deur die owerheid voorgeskryf word, sal tot ’n minimum beperk wees. Ten volle opgelei in kommunistiese beginsels en die Stalin-teorie van wêreldrevolusie, sal hulle mense wees van die staat, gewillig of onwillig, sonder die herinnering van ’n persoonlike vryheid. Hierdie sedelik- en politiek-verminkte Russe sal ’n gedugte mag verteenwoordig in die hande van die bewind vir gebruik in die binneland of vir buitelandse avonture.”

Aldus die getuienis van ’n volbloed kommunist wat as hoof van ’n departement in die binnekant van die Kremlin gesit het.

(Kyk ook berig oor Rusland se opkommanderings van kinders in hierdie uitgawe.)

# Rusland Roep 1,200,000 Kinders Op Vir Arbeid

Die Russiese regering het aangekondig dat 500.000 seuns en dogters na oefenskole opgeroep sal word om hulle as arbeidsreserwes voor te berei, berig Sapa-United Press uit Moskou verlede week. Dit is die derde oproep van jeugdige in hierdie jaar en bring die totaal vir die jaar op 1.200.000 te staan. In Maart is 300.000 opgeroep en tydens Julie en Augustus nog 400.000.

Die jongste groep sal hoofsaaklik na die kleinste dorpie gaan. Seuns van agtien en negentien jaar sal na die yster- en steenkoolmyne en na die olie- en metaalnywerhede gestuur word; agtienjarige seuns sal na die spoorwegbedryf gestuur word en

seuns van sestien jaar na die boubedryf.

Seuns en meisies van sestien sal na nywerheidsskole gestuur word. Daar is nie vermeld hoeveel van die jongste groep van 500.000 seuns of dogters sal wees nie.

# „GEALLIEERDE WANBESTUUR OORSAAK VAN ELLENDE IN DUITSLAND’

Die Duitsland van vandag is 'n verlore wêreld en die lewe van die Duitse volk is deurdrenk met neerdrukkende omstandighede wat op die lange duur onuithoubaar word. Die heersende toestand is soos 'n kanker wat stadig sy wortels oor die hele liggaam versprei, het mnr. John F. Garde, 'n voormalige Suid-Afrikaanse joernalis wat twee jaar lank werksaam was by die beheerraad in die Britse besettingsgebied, in 'n persgesprek in Pretoria verklaar. Hy het ook in die Britse Vloot gedien.

Hoewel die beheerraad hom oorspronklik ten doel gestel het om weer orde in die verwoeste Duitsland te herstel, het die gebrek aan behoorlike samewerking en beheer veroorsaak dat daar 'n toestand van chaos ontstaan het wat die nood van die volk verhoog het. Hy het die mening uitgespreek dat die Geallieerdes die Duitsers in die arms van die kommunisme jaag, nie omdat hulle van die Russe hou nie, maar omdat 'n honger maag geen politiek ken nie.

Die middelklasse is in staat om darem nog bietjie beter oor die weg te kom as die minder gegoedes, aangesien hulle oor juwele, huisraad en ander dinge beskik waarvoor hulle darem iets te ete kan kry.

Die Duitse arbeiders verkeer

egter in 'n vreeslike nood. Daar is geen werk nie, en as hulle nog iets te doen kry, word hulle in waardelose marke betaal. Die gevolg is 'n geweldige swartmark waaraan die amptenare van die besetters ook deelneem.

Hoewel die Duitse rantsoene op papier sowat 1,500 kalorië is, ontvang die meeste maar skaars 1,000 per dag en dit bestaan hoofsaaklik uit kool en brood. Die rantsoene van die amptenare van die beheerraad is 2,500 kalorië per dag, plus sjokolade en lekkers.

(Inmiddels is ook aangekondig dat die Duitse rantsoene weer drasties ingekort sal word — met ongeveer 100 kalorië per dag — aangesien droogte die oes benadeel het.)

## S.A. GAAN AANKOPE IN V.S.A. INKORT

Daar is alle rede om aan te neem dat Suid-Afrika sy aankope in Amerika drasties gaan inkort. Volgens die Britse tydskrif, The Economist, sal Suid-Afrika sy aankope in Amerika verminder ten einde Engeland te help, en sal hy terselfder tyd soveel krediet as moontlik aan Engeland verskaf.

Die blad verklaar dat die samesprekings tussen die verskillende Rykslande tot dusver gegaan het oor hoe hierdie lande hul dollar-aankope in Amerika sal inkort.

Te dein einde het alle lande onderneem om hul dollar-aankope in hersiening te neem en die invoer van sekere artikels uit te skakel.

### MEER GOUD

Die samesprekings met Suid-Afrika het gegaan oor die verkoop van goud aan Engeland. Die hoeveelheid wat tydens 1946 — 1947 verkoop moes word is op £80,000,000 gestel, en pogings word aangewend om dit nou te vermeerder.

„Dit sal daarop neerkom dat die Unie beweeg word om krediet aan Brittanje te verleen, veral indien die Suid-Afrikaanse invoer uit die dollargebied aansienlik verminder word”.

Die gevolg hiervan is hoofsaaklik dat Suid-Afrika groter goudverkopings aan Brittanje toestaan en 'n kleinere invoer uit die Verenigde State sal toepas, vervolg die blad.

## WAARVOOR HET S.A. GEVEG?

Op 3 September 1939 het Brittanje oorlog verklaar aan Duitsland. Die voorwendsel was dat Pole, wat geweier het om Duitse gebied aan Duitsland terug te gee, teen Duitsland beskerm moes word.

Die uitslag van die oorlog was dat nie net Pole in groter ellende verval het nie, maar dat Brittanje vandag op die punt staan om ekonomies te vergaan, en dat Suid-Afrika Brittanje met gratis skenkings aan die lewe moet probeer hou.

Watter nut was die oorlog vir Suid-Afrika?

### AFVALKOS

Duitse vroue uit die beste families is verplig om in kafees en ander eetplekke te werk omdat hulle die afvalkos van die besetters nodig het om aan die lewe te bly. Baie word ook verplig om 'n onsedelike lewe te ly om daardeur liggaam en siel aan mekaar te hou.

Mnr. Garde het tydens die oorlog in die Britse vloot gedien. „Ek kan nie uitgeskel word as pro-Duits nie”, het hy verklaar, „maar ek voel dat Duitsland soos 'n sweer is wat versprei waarvan die simptome in die internasionale politiek gesien kan word. Duitsland is 'n verlore wêreld.”

Soos dit vandag voortgaan is dit 'n ramp vir die wêreld en kweek dit haat en nyd, het hy gesê.

## „MEGANIESE BREIN" LOODS



## Feitlik Geen Duitsers As Immigrante

Alleen 'n baie beperkte aantal Duitse immigrante sal toegelaat word om na Suid-Afrika te kom. Dit sal beperk word tot hoog gespesialiseerde tegnisië, aldus die Minister van Binnelandse Sake, mnr. C. F. Clarkson.

Hy het verklaar dat dit alle Duitsers vry staan om aansoek te doen om as immigrante toegelaat te word, maar aan weinig sal verlot toegestaan word. Voormalige lede van die Nazi-party sal glad nie toegelaat word nie.

Die Minister het daaraan toegevoeg dat selfs waar toestemming verleen word, dit nog moeilik vir 'n Duitser sal wees om uit te kom, aangesien die Duitse mark feitlik waardeloos in die buiteland is, en hulle dus alleen sal kan kom wanneer iemand anders buite Duitsland die geld voorskiet.

**DIE TUSSENVERKIESINGS** in Benoni en Langlaagte sal gelyktydig op 26 November plaasvind. Die V.P. en die linkse groep van die Arbeiders het 'n verkiesingsooreenkoms waarvolgens 'n Arbeiderskandidaat in Benoni staan en 'n V.P.-kandidaat in Langlaagte.

## Britte Plunder Duitse Fabrieke Ten Spyte Van Marshall-plan

In afwagting op die Marshall-plan om Duitsland en die res van Europa ekonomies weer op die been te bring, is Engeland net soos Rusland besig met grootskaalse afbreek van Duitse fabrieke. Negehoonderd fabrieke kom hiervoor in aanmerking en dit sal duisende arbeiders en hul gesinne van 'n leeftog beroof.

Nadat hierdie inligting tot die Duitsers deurgedring het, bestaan daar 'n staat van algemene onrus in die Rhur en daar word verwag dat groot stakings in hierdie gebied kan uitbreek.

Werkers weier om die fabrieke af te breek. Selfs die sterkste politieke party in Duitsland, die Sosiale Demokrate onder dr. Kurt Schumacher, het geweier om 'n beroep op die Duitse arbeiders te doen om die fabrieke af te breek. Hy het verklaar dat hy die arbeiders nie kan

versoek om mee te werk om die brood uit hul mond te neem nie.

### Sjinees Wen

Sapa-Reuter en United Press het oor die naweek berig dat in Sjina 'n agtling gebore is waarvan sewe nog lewe, terwyl in Rusland 'n vyfling en in Engeland 'n vierling gebore is.

## Vliegtuig OOR OSEAAN

'n Skymaster-vliegtuig van die Amerikaanse lugmag het verlede week sonder 'n loods die Atlantiese Oseaan oorgesteek en die afstand van 2,400 myl na Londen suksesvol afgelê sonder dat 'n mensehand ooit aan die kontrole geraak het. Selfs by die landing was geen loods nodig nie.

Die vliegtuig het 'n bemanning van nege lede gedra, maar hulle het geen rol in die toetsvlug gespeel nie, aangesien die vliegtuig volgens die Amerikaanse lugmag, deur 'n „self-beheerde, vooruitgestelde meganisme” beheer is. Daar was ook geen moedervliegtuig vanwaar af die loodslose vliegtuig beheer is nie. Die „loods” word beskryf as 'n „meganiese brein”.

### KNOPPIESOORLOG

Hierdie sukses van die men-severnuf word deur gesaghebendes beskou as 'n belangrike voorwaartse stap in die rigting van meganiese oorlogvoering. Die sukses wat behaal is maak dit moontlik dat 'n swaar bomwerper met 'n vrag bomme oor 'n vyandelike gebied gestuur kan word sonder dat daar menseverlies hoef te wees. Die vliegtuig sal ook in staat wees om so hoog te vlieg dat vliegtuie met loodse hulle beswaarlik sal kan bykom.

Die doeltreffendheid van die meganisme berus op die juistheid van sy weerstoestandberekening. Vliegtuie kan daarmee ook in die lug gehou word totdat daar genoeg ruimte op 'n vliegveld is om te land.

### V1 EN V2

Vir vredestrydse doeleindes het die uitvinding ook besondere groot waarde. Vragvliegtuie kan nou heen en weer gestuur word sonder 'n bemanning.

Dit was Duitsland wat die eerste keer in die menslike geskiedenis van loodslose projektele gebruik gemaak het. Vlieënde bomme, die bekende V1 en V2 wat soveel skade in Londen aangerig het, is van 'n baan geskiet en per radio beheer. Hulle kon ook weer 'n terugreis onderneem.

## Brandwag Heengegaan

**MOOIRIVIER:** Die O.B.-kommando van Mooirivier is swaar getref deur die heengaan van brandwag P. H. van Rooyen wat die kommando op Sondag, 7 September, onverwags ontval het, en Woensdag 10 September onder blyke van groot belangstelling ter aarde bestel is.

Die kommando wens om heel innige meegevoel te betuig met mev. Van Rooyen en gesin. — (Korr.).

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.